10 November 2019

h a l l o.Hoogland

Geloof deur liefde tot dade

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Hartlik welkom by Hoogland se baie spesiale Familiediens & GvG Afsluiting vangoggend!

Hoogland wil graag vir al ons GVG Mentors baie dankie sê vir al die liefde waarmee hulle weekliks die gemeente se kinders kom bedien het. Groot waardering en dank vir elke ouer wat hul doopbelofte so getrou nagekom het en deel was van die GVG bediening.

Die gemeente word ook uitgenooi om gerus na die diens te kom deel in die verrassing wat vir ons kinders beplan is op die grasperk voor die Grot.

Matrieks, julle is halfpad... Moenie opgee nie! Lekker leer en weet Hoogland hou julle in hul gebede!

Baie welkom by Hoogland vandag!

Program vir die dag
Familiediens & GvG Afsluiting

08:30 Oggenddiens: Ds Thania Botha

Deurkollekte: CLF (vir die verspreiding van gratis geestelike literatuur.)

Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* in die saal en weer *voor die aandbyeenkoms* in die Voorhuis.

09:30 Junior, Senior en Finalefase GVG Afsluiting saam met hulle ouers in die saal.

18:00 Aandbyeenkoms in die Voorhuis: Koffietafelgesprek saam met Ds Thania Botha

Ds Pieter preek vanoggend by NG Gemeente Waterford.

Program vir die week

Maandag: 11 November
19:00 Finansies

Woensdag: 13 November
10:00 Gesamentlike Bybelstudie Afsluiting
18:45 Dissipelskapreis

Donderdag: 14 November
09:00 Dagbestuur
10:30 Woord werkgroep
18:00 *Coffee Talks* in die Jeuglokaal

Vrydag: 15 November
05:30 Manne in geloof
(Interkerklike byeenkoms)

Seisoen van Gee

Geloof deur liefde tot DADE kan op enige van die volgende maniere uitgeleef word.

Alle geskenkies en/of donasies kan Sondae by Gemeentedienste gelaat word in die voorportaal of by die kerkkantoor afgegee word *voor/op Dinsdag, 3 Desember* so-dat dit alles betyds uitgedeel word voor die kerkkantoor sluit.

- Geskenkies vir Senior Lidmate - geskenkies ter waarde van ±R35 word bymekaargemaak vir Hoogland se Senior Lidmate. Wees asseblief deel van hierdie omgee projek.
- Eluthandweni kospakkies - Hoogland maak jaarliks vir die Eluthandweni pasiënte kospakkies bymekaar vir die feestyd. Enige nie-bederfbare blikkies kos, toiletware en miskien 'n lekker bederfie is baie welkom.
- Xhosa Bybel Projek - Bybelpakkette is @ R100 te koop vir verspreiding onder huiswerkers, tuiniers of ander Xhosasprekendes.
- Isithembiso baba tehuis - enige baba produkte vir hierdie tehuis vir wees-babas hier op Hoogland se voorstoep.

Daar is 'n selgroep wat aangebied het om lidmate, met 'n spesifieke behoefte aan vervoer, na ons oggend eredienste te help met vervoer. Kontak gerus die kerkkantoor indien u 'n behoefte het aan vervoer Sondagoggende.

Hooglandvroue

Die VLV-tak nooi graag *ALLE DAMES* in Hoogland uit om by hulle te kom aansluit vir hulle laaste byeenkoms vir die jaar op ***Dinsdag, 12 Oktober om 09:00 in Hoogland se Jeuglokaal.***

Hennie van Heerden kom gee 'n Versier-'n-Kolwyntjie demonstrasie!

Verkiesing van Kerkraadslede

Die volgende lidmate is as Kerkraadslede gekies en herkies.

Kerkraadslede verkies:
Ouderling : Ferdi Röhm
Kerkraadslede herkies:
Ouderlinge : Albrecht Herholdt, George Terblanche, Ilse vd Watt, Saretta Dawson
Diakens: Sandra Olivier, Reinette Strydom, Mouton van Eeden.

Basaar Gespreksgeleentheid

Daar word 'n ernstige beroep op ***ALLE lidmate*** gedoen om deel te wees, saam te gesels en te bid oor Hoogland se Basaar en ander fondsinsamelings-projekte vir 2020.
'n Dinkskrum gespreksgeleentheid word beplan vir ***Dinsdagaand, 19 November om 18:30*** *by die kerkkantoor.*
E-pos gerus vir Leandra by leandra@pehoogland.co.za of *whatsapp* die Hoogland nommer 079 815 9825 om te laat weet as jy kom saamgesels.

Uit die hart ...

Ons het 'n klein natneus-japsnoet in die huis, wat sommer met die eerste oog-opslag ons harte gesteel het en sedertdien ons lewens met vele lekker-lag-oomblikke en sokkie-soek-avonture gevul het – ons noem hom: Jesaja, juis omdat dié Bybelboek vir ons besonderse betekenis dra. Ek is seker daarvan dat as jy 'n troeteldier/e het wat jou so na aan die hart lê, jy ook dalk kan verstaan waarom die miljardêr, Leona Helmsley, 'n trustfonds van $12 miljoen (R180 000 000) aan haar hond bemaak het en in haar testament gesê het dat die hond langs haar begrawe moet word wanneer hy sou doodgaan.

Dit is darem nou 'n uiterste geval, maar die Bybel getuig daarvan dat God self 'n besonderse agting vir diere het en hulle belange op die hart dra. Ons lees in Genesis, nadat God die diere geskep het, verklaar Hy daardie deel van Sy werk as *goed*. In Mattheus 10:29 getuig Jesus dat selfs nie een mossie op die grond val en sterf, sonder dat God nie daarvan weet nie!

God leer ook vir ons in Sy Woord dat die manier waarop ons met diere omgaan, ook 'n wyse is waarop ons geloof tot dade oorgaan. Ons lees vanoggend saam uit Genesis 24 en gaan steek kers op by Rebekka, wie se karakter getoets is aan haar vermoë om nie slegs vir die slaaf water te gee wanneer hy daarna vra nie, maar ook die kamele se behoefte raak te sien en vir hulle water te gee.

Ds. Thania